



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

**REKENINGKUNDE V1
NOVEMBER 2024**

PUNTE: 150

TYD: 2 uur



Testpapers.co.za

Kopiere

Past exam papers

Summaries

Study Guides

n asseblief

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. 'n Formuleblad met Finansiële Aanwysers is aan die einde van hierdie vraestel aangeheg.
4. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of swart/blou ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	MINUTE
1	Vastebates en Interne Kontrole	35	25
2	Staat van Omvattende Inkomste	40	35
3	Notas en Staat van Finansiële posisie	45	40
4	Finansiële Aanwysers	30	20
TOTAAL		150	120

VRAAG 1: VASTE BATES EN INTERNE KONTROLE**(35 punte; 25 minute)****BELLA HANDELAARS**

- 1.1 Kies 'n verduideliking uit KOLOM B wat by die term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1.1	Vaste Bate register	A	Hierdie items word aangekoop om inkomste te genereer en nie vir herverkoopdoeleindes nie.
1.1.2	Opgehoopte Waardevermindering	B	Ten volle afgeskrewe bate wat nog in die onderneming gebruik word, sal 'n drawaarde van R1 in die boeke toon.
1.1.3	Waardevermindering	C	Dit verskaf 'n gedetailleerde uiteensetting van elke vaste bate item in die onderneming.
1.1.4	Residu-waarde	D	Toegerekende uitgawe
1.1.5	Vaste Bates	E	Dit is die kumulatiewe waardevermindering op 'n bate tot by 'n sekere punt in sy lewensduur.

(5 x 1) (5)

- 1.2 Die inligting het betrekking op Bella Handelaars vir die finansiële jaar geëindig op 29 Februarie 2024.

GEVRA:

- 1.2.1 Voltooi die tabel wat in jou antwoordeboek voorsien word om die waardevermindering vir die jaar te bereken. (15)
- 1.2.2 Berei die Nota van Tasbare Bates voor. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien. (15)

INLIGTING:

Saldo's op 1 Maart 2023			
	Kosprys	Opgehoopte Waardever- mindering	Drawaarde
Grond en geboue	400 000	(0)	400 000
Voertuie	300 000	(76 000)	224 000
Toerusting	80 000	(20 000)	60 000

TRANSAKSIES:**(a) Grond en geboue**

- Gedurende Junie 2023 het die eienaar 'n paar uitbreidings aan die gebou gemaak met 'n totale koste van R150 000.
- Nadat swaar reën skade aan sommige dele van die gebou aangerig het, het die eienaar R40 000 bestee om die stoorkamer te herstel.

(b) Voertuie

- Op 31 Augustus 2023 het die besigheid 'n ou voertuig wat R100 000 gekos het by Mzansi Motor handelaars ingeruil vir R55 000.
- Die voertuig wat ingeruil is, was gekoop op 1 Maart 2021.
- Die voertuig wat ingeruil is, het 'n opgehoopte waardevermindering van R36 000 gehad op 1 Maart 2023.
- Die koste van die nuwe voertuig wat aangekoop is op 31 Augustus 2023, was R150 000.
- Waardevermindering op voertuie word bereken teen 20% per jaar op die verminderdesaldo-metode.

(c) Toerusting

- Bella Handelaars het op 30 November 2023 twee nuwe skootrekenaars gekoop teen 'n koste van R6 000 elk.
- Waardevermindering op toerusting word teen 10% per jaar op die kosprys bereken.

VRAAG 2: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE**(40 punte; 35 minute)****KONSEPTE**

- 2.1 Kies die woord(e)/term uit die lys hieronder wat by die beskrywing pas. Skryf slegs die woord(e)/term langs die vraagnommers (2.1.1 tot 2.1.5) in jou ANTWOORDEBOEK neer. (5)

Etiese beginsels; Onbepaalde aanspreeklikheid; Stille vennoot
Vennootskapsooreenkoms; Eenaarsekwyteit

- 2.1.1 'n Kontrak tussen twee of meer persone, waardeur hul bates en vaardighede kombineer met die doel om wins te maak en te verdeel.
- 2.1.2 'n Anonieme persoon wat nie aan die publiek bekend is nie en ook nie 'n aktiewe rol in die besigheid speel nie.
- 2.1.3 Indien die vennootskap nie genoeg fondse het om laste te delg nie, kan vennote se persoonlike bates ook gebruik word om die besigheid se laste te dek.
- 2.1.4 Die totaal van die Kapitaalrekeninge en Privaatrekeninge van al die vennote aan die einde van die jaar.
- 2.1.5 Onpartydigheid (billikheid), vertroue en integriteit.

SAFARI WINKELS

- 2.2 Die inligting het betrekking op Safari Winkels, met vennote Saff en Arrie.

GEVRA:

Stel die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig, 29 Februarie 2024 op.

(35)

INLIGTING:**Uittreksel: Vooraansuiweringsproefbalans op 29 Februarie 2024:**

Balansstaatrekeninge-afdeling	
Grond en Geboue	15 000 000
Voertuie	3 600 000
Toerusting	600 000
Opgehoopde waardevermindering op Toerusting (01/03/2023)	85 000
Handelsvoorraad	820 000
Debiteurekontrole	70 000
Voorsiening vir oninbare skuld	1 500
Nominalerekeninge-afdeling	
Verkope	1 032 000
Koste van verkope	427 000
Debiteure-afslag	32 000
Rente op vaste deposito	?
Huurinkomste	54 000
Kommisie inkomste	5% van Netto verkope
Oninbare skuld	5 000
Versekering	30 000
Salarisse en lone	350 000
Oninbare skuld ingevorder	2 500
Verpakkingsmateriaal	4 200
Bankkoste	1 800
Diverse uitgawes	32 300
Skryfbehoeftes	5 500
Donasies	1 100
WVF bydraes	1 500
Mediesefondsbydrae	2 300

Aansuiwerings en addisionele inligting:

- A.** Verpakkingsmateriaal ter waarde van R500 is op 21 Augustus 2023 aangekoop, maar verkeerdelik na die skryfbehoefterekening oorgeboek.
- B.** Ingesluit by die versekeringsbedrag is 'n jaarlikse premie van R2 400 betaal vir die tydperk 1 Januarie 2024 tot 31 Desember 2024.
- C.** Volgens 'n fisiese voorraadopname was die volgende aan die einde van die jaar voorhande.
- Handelsvoorraad, R815 000
 - Verpakkingsmateriaal, R300
- D.** Voorsiening vir oninbare skuld moet met R300 verminder word.
- E.** Die huurinkomste vir Februarie is uitstaande.
LET WEL: Die huur het met 10% verminder op 1 Desember 2023.
- F.** Die water en elektrisiteitrekening (diverse rekeninge) vir Februarie 2024 is ontvang maar nog nie betaal nie, R 5000.
- G.** Inskrywings volgens die bankstaat van Februarie 2024 moet nog in die boeke van die besigheid aangeteken word:
- Bankkoste, R250
 - Debietorder vir die maandelikse donasie, R900
- H.** Die volgende inligting verskyn op die leningstaat:

Saldo op 1 Maart 2023	55 500
Rente is gekapitaliseer	?
Terugbetalings deur die finansiële jaar	10 000
Saldo op 29 Februarie 2024	51 000

- I.** Die volgende inligting is geneem uit die Salarisjoernaal vir Februarie 2024, dit is nog nie in die boeke van die onderneming aangeteken nie:

Netto salaris	21 600
Mediesefonds aftrekkings	1 300
Pensioenfonds aftrekking	800
LBS aftrekking	6 000
WVF aftrekking	300
Mediesefonds bydrae	2 600
WVF bydrae	500

- J.** Waardevermindering vir die jaar bereken was R40 600.

VRAAG 3: STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE & NOTAS (45 punte; 40 minute)

Die inligting het betrekking op DJ Handelaars vir die jaar geëindig op 30 Junie 2024.
Die onderneming word deur vennote David en Joe besit.

GEVRA:

3.1 Berei die volgende notas tot die finansiële state voor:

3.1.1 Kapitaal (8)

3.1.2 Privaatrekening (12)

3.1.3 Handels- en ander betaalbares
LET WEL: Toon al die korttermynlaste, behalwe Oortrokke Bank en die Korttermyndeel van die lening in hierdie nota. (12)

3.2 Voltooi die Ekwiteit en Laste-gedeelte van die Staat van Finansiële Posisie op 30 Junie 2024. (13)

Uittreksel: Na-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2024

Kapitaal: David	600 000
Kapitaal: Joe	300 000
Privaatrekening: David (1/07/2023)	22 500
Privaatrekening: Joe (1/07/2023)	(dt) 57 600
Onttrekkings: David	72 000
Onttrekkings: Joe	96 000
Lening: RG Bank	402 500
Krediteurekontrole	62 750
Bank	(kt) 16 600
SAID (LBS)	13 500
Opgelope uitgawes	12 700
Vooruitontvange Inkomste	4 600
Opgelope Inkomste	17 000
Vooruitbetaalde uitgawes	16 300

A Veranderinge aan kapitaalbydraes:

- Die volgende transaksies was korrek geboekstaaf:
 - Vennoot David het R250 000 op 1 Maart 2024 gedeponeer.
 - Vennoot Joe het R150 000 op 1 April 2024 onttrek.
- Die volgende transaksie was **NIE** geboekstaaf **NIE**:
 - Vennoot David het R50 000 op 30 Junie 2024 onttrek.

B Bepalings van die vennootskapsooreenkoms:

- Rente op kapitaal**
 - David is geregtig op 12% p.j. op sy kapitaal
 - Joe is geregtig op R49 500 in totaal
- Salaris aan vennote**
 - Joe sal R144 000 vir die jaar ontvang
 - David se maandelikse salaris is R2 000 minder as dié van Joe
- Bonusse aan vennote**
 - David ontvang 'n jaarlikse bonus van R15 000
- Verdeling van oorblywende winste/verliese**
 - Die oorblywende wins van R16 000 moet in die verhouding 3 : 2 tussen David en Joe verdeel word.

C Lening: RG Bank

- Die leningsaldo toon nie die rente van R47 500 wat gekapitaliseer is nie (die netto wins sluit hierdie bedrag in).
- Die besigheid verwag om R108 000 op die lening terug te betaal in die volgende finansiële jaar.

D Besonderhede van 'n werknemer wat uit die Junie 2024 Salarisjoernaal weggelaat is:

Bruto Salaris	Aftrekkings				Werkgewersbydrae		Netto Salaris
	Pensioen-fonds	WVF	SAID: LBS	TOTAAL	Pensioen-fonds	WVF	
R12 000	?	R120	?	R3 800	R1 440	120	R8 200

LET WEL:

DJ Handelaars dra R1,50 vir elke R1 tot die Pensioenfonds en op 'n Rand-vir Rand-basis by tot die WVF.

VRAAG 4: FINANSIËLE AANWYSERS**(30 punte; 20 minute)****DUZA HANDELAARS**

Die uittreksels uit die Staat van Finansiële Posisie het betrekking op die boeke van Duza Handelaars op 31 Oktober 2024.

GEVRA:

Gebruik die inligting hieronder om die volgende vrae te beantwoord.

- 4.1 Bereken die bedryfsverhouding vir 2024. (3)
- 4.2 Die vuurproefverhouding vir 2024 is 1,4 : 1. Bereken die ontbrekende kontant en kontantekwivalente en voorraad bedrae. (5)
- 4.3 Bereken die gemiddelde tydperk waarvoor genoegsame voorraad voorhande is vir 2024. (3)
- 4.4 Bereken die gemiddelde krediteurebetalingstermyn vir 2024. (4)
- 4.5 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming. Haal DRIE finansiële aanwysers en syfers aan om jou antwoord te staaf. (6)
- 4.6 Bereken die skuld-ekwiteits verhouding in 2024. (3)
- 4.7 Is die onderneming solvent? Bereken die solvensie verhouding om jou antwoord te staaf. (6)

INLIGTING:**Uittreksel: Staat van Finansiële Posisie van Duza Handelaars
op 31 Oktober 2024:**

	2024	2023
Vaste Bates	1 200 000	
Vaste Deposito	240 000	
Bedryfsbates	169 000	180 000
Voorraad	?	110 000
Handels- en ander ontvangbares (Debiteure)	72 000	60 000
Kontant en kontantekwivalente	?	10 000
Eienaarsbelang	1 044 000	1 900 000
Nie-bedryfslaste (16% p.j.)	500 000	380 000
Handels- en ander betaalbares (Krediteure)	65 000	52 000

**Uittreksel: Staat van Omvattende Inkomstes vir die jaar geëindig
31 Oktober 2024:**

Verkope (70% op krediet)	761 400
Koste van Verkope (90% op krediet)	423 000

Die volgende finansiële aanwysers was bereken vir 2023:

Bedryfsverhouding	3,4 : 1
Vuurproefverhouding	1,3 : 1
Gemiddelde tydperk waarvoor genoegsame voorraad voorhande	57 dae
Debiteure-invorderingstermyn	36 dae
Krediteurebetalingstermyn	63 dae
Skuld-ekwiteit verhouding	0,2 : 1

30

TOTAAL: 150

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FINANSIËLE AANWYSERS FORMULEBLAD			
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$		$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$			
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$		$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste per vennoot}}{\text{Vennoot gemiddelde ekwiteit}} \times \frac{100}{1}$		$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsekwiteit}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates : Bedryfslaste		(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste	
(Handels en ander ontvangbares + Kontant en Kontantekwivalente) : Bedryfslaste			
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$		$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$		$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie-Bedryfslaste : Eienaarsekwiteit		Totale Bates : Totale Laste	



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

REKENINGKUNDE V1

NOVEMBER 2024

ANTWOORDEBOEK

NAAM VAN LEERDER: _____

VRAAG	PUNTE	PUNTE TOEGEKEN	MODERATOR
1	35		
2	40		
3	45		
4	30		
TOTAAL			



Testpapers.co.za

VRAAG 1

1.1

1.1.1	
1.1.2	
1.1.3	
1.1.4	
1.1.5	

5

1.2.1 **Berekening van waardevermindering:**

VOERTUIG		
Verkoop	Oorblywende(oud)	Nuut
Totale waardevermindering vir huidige jaar:		

12

TOERUSTING	
Oud	Nuut
Totale waardevermindering vir huidige jaar:	

3

1.2.2

Tasbare Bates	Grond en Geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde	400 000	224 000	60 000
Kosprys	400 000	300 000	80 000
Opgehoopte Waardevermindering		(76 000)	(20 000)
Beweging			
Toevoegings teen Kosprys			
Bateverkope teen drawaarde			
Waardevermindering			
Drawaarde			
Kosprys			
Opgehoopte Waardevermindering			

15

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 2

2.1

2.1.1	
2.1.2	
2.1.3	
2.1.4	
2.1.5	

5

2.2 SAFARI WINKELS: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024

Verkope (1 032 000	
Koste van verkope	
BRUTO WINS	
ANDER BEDRYFSINKOMSTES	
Huurinkomste (54 000	
BRUTO BEDRYFSINKOMSTE	
BEDRYFSUITGAWES	
Oninbare skuld	5 000
Salarisse en lone (350 000	
Versekering (30 000	
Verpakkingsmateriaal (4 200	
BEDRYFSWINS	
Rente-inkomste	
WINS VOOR RENTE UITGAWE	
Rente-uitgawe	
NETTO WINS VIR DIE JAAR	180 000

35

TOTALE PUNTE
40

VRAAG 3

3.1.1	KAPITAAL	DAVID	JOE
	Saldo aan die begin van die jaar		
	Kapitaalbydrae gedurende die jaar		
	Onttrekking van kapitaal gedurende die jaar		
	Saldo aan die einde van die jaar		

8

3.1.2	PRIVAATREKENING	DAVID	JOE
	Wins per Staat van Omvattende Inkomste		
	Vennote salarisse		144 000
	Rente op Kapitaal		49 500
	Bonusse aan vennote	15 000	
	Primêre verdeling van wins		193 500
	Finale verdeling van wins		
	Onttrekkings gedurende die jaar	(72 000)	(96 000)
	Behoue inkomste vir die jaar		
	Behoue inkomste aan die begin van jaar		
	Behoue inkomste aan die einde van jaar		

12

3.1.3	HANDELS- EN ANDER BETAALBARES	
	Handelskrediteure	62 750

12

3.2

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 30 JUNIE 2024	
EKWITEIT EN LASTE	
Eienaarsekwiteit	
Nie-bedryfslaste	
Bedryfslaste	
TOTALE EKWITEIT en LASTE	

13

TOTALE PUNTE
45

VRAAG 4

4.1 Bereken die bedryfsverhouding vir 2024.

3

4.2 Die vuurproefverhouding vir 2024 is 1,4 : 1. Bereken die ontbrekende kontant en kontantekwivalente en voorraad bedrae.

5

4.3 Bereken die gemiddelde tydperk waarvoor genoegsame voorraad voorhande is vir 2024.

3

4.4 Bereken die gemiddelde krediteurebetalingstermyn vir 2024

4

- 4.5 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming. Haal DRIE finansiële aanwysers en syfers aan om jou antwoord te staaf.

6

- 4.6 Bereken die skuld-ekwiteits verhouding in 2024.

3

- 4.7 Is die onderneming solvent? Bereken die solvensie verhouding om jou antwoord te staaf.

6

TOTALE PUNTE
30

TOTAAL: 150



education

Department:
Education
North West Provincial Government
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

REKENINGKUNDE V1

NOVEMBER 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 150

NASIENBEGINSELS:

1. Strafpunte vir vreemde items is slegs van toepassing indien 'n kandidaat nie punte op 'n ander plek in die vraag vir daardie item verloor het nie (geen vreemde-item-strafpunte vir misplaaste items nie). Geen dubbelpenaliserings toegepas nie.
2. Strafpunte vir plasing of swak aanbieding (bv. besonderhede) is slegs van toepassing indien die kandidaat punte vir die bedrae vir daardie item verdien het.
3. Volpunte vir korrekte antwoord. Indien die antwoord foutief is, merk die berekening wat voorsien is.
4. Indien 'n vooraansuiweringsyfer as 'n finale syfer getoon word, ken die berekeningepunt toe vir daardie syfer (nie die metodepunt vir die antwoord nie). **Let wel:** As syfers aangedui in memo vir komponente of berekening, dra hierdie nie die metode punt van die finale antwoord ook nie.
5. Tensy anders getoon, moet die positiewe of negatiewe effek van enige syfer in ag geneem word om die punt toe te ken. Indien geen + of – teken of hakie voorsien is nie, aanvaar dat die syfer positief is.
6. Waar aangedui word, ken deelpunte toe om die kwaliteit van antwoorde van kandidate te differensieer.
7. Waar strafpunte toegepas word, kan die punte vir daardie afdeling van die vraag nie as 'n negatiewe syfer getoon word nie. Waar metodepunte toegeken word vir bewerking, moet die nasiener die redelikheid van die bewerking ondersoek voor die punt toegeken word.
8. 'Bewerking' beteken kontroleer bewerking. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Let wel: kontroleer bewerking moet +, -, x, ÷, wees of per memo.
9. 'Een deel korrek' beteken bewerking en een deel korrek. Waar metodepunte toegeken word vir een deel korrek, moet die nasiener die redelikheid van die antwoord ondersoek en ten minste een deel korrek, voor die punt toegeken word. As 'n syfer 'n metodepunt verdien het word dit beskou 'een deel korrek'
10. In berekening, moet nie punte toeken nie vir bewerking as teller en noemer omgeruil is – hierdie is ook van toepassing op verhoudings.
11. Met 'n ... vir enige item
12. Wee: ..
13. Kode



Testpapers.co.za

VRAAG 1

1.1

1.1.1	C ✓
1.1.2	E ✓
1.1.3	D ✓
1.1.4	B ✓
1.1.5	A ✓

5

1.2.1 **Berekening van waardevermindering:**

VOERTUIG		
Verkoop	Oorblywende(oud)	Nuut
$(100\,000 - 36\,000)$ $= 64\,000 \checkmark \times 20\% \checkmark \times 6/12 \checkmark$ $= 6\,400 \checkmark$	$(300\,000 - 100\,000)$ $= 200\,000 \checkmark$ $(76\,000 - 36\,000)$ $= 40\,000 \checkmark$ $200\,000 - 40\,000$ $= 160\,000$ (twee punte) $\times 20\% \checkmark$ $= 32\,000 \checkmark$	$150\,000 \times 20\% \times 6/12$ $= 15\,000 \checkmark \checkmark$
Totale waardevermindering vir huidige jaar: $6\,400 + 32\,000 + 15\,000 = 53\,400 \checkmark \checkmark$ Vier punte vier punte twee punte		

12

TOERUSTING	
Oud	Nuut
$80\,000 \times 10\% = 8\,000 \checkmark$	$12\,000 \times 10\% \times 3/12 = 300 \checkmark$
Totale waardevermindering vir huidige jaar: $8\,000 + 300 = 8\,300 \checkmark$	

3

1.2.2

Tasbare Bates	Grond en Geboue	Voertuie	Toerusting
Drawaarde	400 000	224 000	60 000
Kosprys	400 000	300 000	80 000
Opgehoopte Waardevermindering		(76 000)	(20 000)
Beweging			
Toevoeging teen Kosprys	150 000✓	150 000✓	12 000✓
Bateverkope teen drawaarde (100 000✓ – 42 400✓)		(57 600) ☑	
Waardevermindering		53 400☑ (Sien 1.2.1)	(8 300) ☑ (Sien 1.2.1)
Drawaarde	550 000	263 000☑	63 700☑
Kosprys	550 000✓	350 000✓	92 000✓
Opgehoopte Waardevermindering		(87 000) ☑	(28 300) ☑

15

TOTALE PUNTE

35

VRAAG 2

2.1

2.1.1	Vennootskaps-ooreenkoms✓
2.1.2	Stille vennoot ✓
2.1.3	Onbeperkte aanspreeklikheid ✓
2.1.4	Eienaarsekwiteit ✓
2.1.5	Etiese beginsels✓

5

2.2.1 SAFARI WINKELS: STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 29 FEBRUARIE 2024

Verkope (1 032 000 - 32 000✓)	1 000 000	✓
Koste van verkope	(427 000)	✓
BRUTO WINS	573 000	☑
ANDER BEDRYFSINKOMSTES	111 300	☑
Huurinkomste (54 000 + 4 500✓✓)	58 500	☑
Kommisie inkomste (1 000 000 x 5%)	50 000	☑✓
Oninbare skulde ingevorder	2 500	✓
Voorsiening van oninbare skulde	300	✓
BRUTO BEDRYFSINKOMSTE	684 300	☑
BEDRYFSUITGAWES	(516 250)	☑
Oninbare skuld	5 000	
Salarisse en lone (350 000 + 30 000✓✓)	380 000	☑
Versekering (30 000 - 2000✓)	28 000	✓
Verpakkingsmateriaal (4200 + 500✓ - 300✓)	4 400	☑
Bankkoste (1 800 + 250)	2 050	✓
Diverse uitgawes (32 300 + 5000 ✓)	37 300	☑
Skryfbehoeftes (5 500 - 500)	5 000	✓
Donasies (1 100 + 900)	2 000	✓
Waardevermindering	40 600	✓
Handelsvoorraad tekort (820 000 - 815 000)	5 000	✓✓
WVF bydrae (1 500 + 500)	2 000	✓
Mediesefonds bydrae (2 300 + 2 600)	4 900	✓
BEDRYFSWINS	168 050	
Rente-inkomste (balanserende syfer)	17 450	☑
WINS VOOR RENTE UITGAWE	185 500	
Rente-uitgawe	(5 500)	✓✓
NETTO WINS VIR DIE JAAR	180 000	

35**TOTALE PUNTE****40**

VRAAG 3

3.1.1	KAPITAAL	DAVID	JOE
	Saldo aan die begin van die jaar	☒ 350 000	✓ 450 000
	Kapitaalbydrae gedurende die jaar	✓ 250 000	
	Ottrekking van Kapitaal gedurende die jaar	✓ (50 000)	✓ (150 000)
	Saldo aan die einde van die jaar	✓✓ 550 000	✓ 300 000

8

3.1.2	PRIVAATREKENING	DAVID	JOE
	Wins per Staat van Omvattende Inkomste	196 600	199 900
	Vennote se salaris	✓✓ 120 000	144 000
	Rente op Kapitaal	✓✓ 52 000	49 500
	Bonusse aan vennote	15 000	
	Primêre verdeling van wins	☒ 187 000	193 500
	Finale verdeling van wins	✓ 9 600	✓ 6 400
	Ottrekkings gedurende die jaar	(72 000)	(96 000)
	Behoue inkomste vir die jaar	☒ 124 600	103 900
	Behoue inkomste aan die begin van jaar	✓ 22 500	✓ (57 600)
	Behoue inkomste aan die einde van jaar	☒ 147 100	☒ 46 300

12

3.1.3	Handelskrediteure	62 750
	Opgelope uitgawes	✓ 12 700
	Vooruitontvange inkomste	✓ 4 600
	Krediteure vir salarisse	✓ 8 200
	SAID: LBS (13 500✓ + 2 720✓✓) een deel korrek	☒ 16 220
	WVF (120 + 120)	✓✓ 240
	Pensioenfonds (1440 + 960✓ [1440 x 100/150])	☒ 2 400
		☒ 107 110

12

3.2

STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE SOOS OP 30 JUNIE 2024

EKWITEIT EN LASTE		
Eienaarsekwiteit		☒ 1 043 400
Kapitaal (550 000 + 300 000)	(sien 3.1.1)	☒ 850 000
Privaatrekenings (147 100 + 46 300)	(sien 3.1.2)	☒ 193 400
Nie-bedryfslaste		342 000
Lening: RG Bank (402 500✓ + 47 500✓ – 108 000✓)		☒ 342 000
Bedryfslaste	(bewerking)	☒ 281 710
Handel en ander betaalbares	(sien 3.1.3)	☒ 107 110
Oortrokke Bank (16 600 +50 000✓)	(bewerking)	☒ 66 600
Korttermyndeel van die lening	(sien NBL hierbo)	☒ 108 000
TOTALE EKWITEIT en LASTE	(bewerking)	☒ 1 667 110

-1 Vreemde items / -1 Formaat Maksimum. -2

13

TOTALE PUNTE

45

VRAAG 4**4.1 Bereken die bedryfsverhouding vir 2024.**

$$169\,000 \checkmark : 65\,000 \checkmark$$

$$2,6 : 1 \boxtimes$$

Een deel korrek

3

4.2 Die vuurproefverhouding vir 2024 is 1.4:1. Bereken die ontbrekende kontant en kontantekwivalente en voorraad bedrae.

$$65\,000 \times 1.4 = R91\,000 \checkmark$$

$$\text{Kontant en kontantekwivalente: } 91\,000 - 72\,000 = R19\,000 \checkmark \checkmark$$

$$\text{Voorraad: } 169\,000 - 91\,000 = R78\,000 \checkmark \checkmark$$

5

4.3 Bereken die gemiddelde tydperk waarvoor genoegsame voorraad voorhande is vir 2024.

$$\frac{\frac{1}{2}(78\,000 + 110\,000)}{423\,000} \times 12$$

$$\frac{94\,000 \checkmark}{423\,000 \checkmark} \times 12$$

$$= 2,7 \text{ maande} / 81 \text{ dae} \boxtimes$$

Een deel korrek

3

4.4 Bereken die gemiddelde krediteurebetalingstermyn vir 2024

$$\frac{\frac{1}{2}(65\,000 + 52\,000)}{423\,000 \times 90\%} \times 12$$

$$\frac{58\,500 \checkmark}{380\,700 \checkmark \checkmark} \times 12$$

$$= 1,8 \text{ maande} / 56 \text{ dae} \boxtimes$$

Een deel korrek

4

4.5

Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming. Haal DRIE finansiële aanwysers en syfers aan om jou antwoord te staaf.

Finansiële aanwyser ✓✓✓ syfers ✓✓✓

Bedryfsverhouding het verbeter van 3.4 : 1 na 2.6 : 1

Die tydperk van voorraad voorhande het verhoog van (57 dae) 1.9 maande tot (81dae) 2.7 maande.

Die krediteure word vinniger as verlede jaar betaal 56.1 dae in plaas van 63 dae (1.8 maande teenoor 2.1 maande).

6

4.6

Bereken die skuld-ekwiteits verhouding in 2024.

500 000✓ : 1 044 000✓
0,5 : 1☑

3

4.7

Is die onderneming solvent? Bereken die solvensie verhouding om Jou antwoord te staaf.

Ja✓ – die eienaarsbelang is positief OF

Bates oorskry laste ✓

(1 200 000 + 240 000 + 169 000) : (500 000 + 65 000)
1 609 000✓ : 565 000✓
2,8 : 1✓☑

6

TOTALE PUNTE

30

TOTAAL: 150